



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT MUNISIPALE ADMINISTRASIE N6

(21010086)

**26 November 2019 (X-Vraestel)
09:00–12:00**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
MUNISIPALE ADMINISTRASIE N6
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
 2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
 3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 4. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1 Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die woord/term langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

- 1.1.1 iets wat van die meeste mag tot die minste mag gestruktureer is
- 1.1.2 Geld wat oor die tydperk van 'n paar maande aan jou terugbetaal word, sou jy jou werk verloor 
- 1.1.3 Versameling en aantekeninge van inligting oor die werk wat in 'n spesifieke veld gedoen moet word
- 1.1.4 Verkose raadslede en sommige amptenare wat vergader om planne vir dienslewering in die regsgebied te bespreek
- 1.1.5 Mense se manier van werk, optree, bestuur en op mekaar reageer in 'n bepaalde werksplek of organisasie
- 1.1.6 Begroting wat die raad se toekomstige ontwikkelingsvoorstelle weerspieël
- 1.1.7 Amptenaar wat gewoonlik die finansiële sake van die munisipaliteit hanteer
- 1.1.8 Hierdie wet maak voorsiening vir die gesondheid en veiligheid van mense in die werksplek 
- 1.1.9 Die vermoë van plaaslike regerings om belasting in te vorder en te bestee.
- 1.1.10 Stel reëls wat seker maak dat die belange van verskeie groepe in die plaaslike munisipaliteit erken en oorweeg word

(10 × 1) (10)

1.2 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

- 1.2.1 Verlof om afwesig te wees is regsgeldige toestemming wat aan 'n persoon of groep mense gegee word om afwesig te wees van iets waarby hulle veronderstel is om teenwoordig te wees.
- 1.2.2 Bedryfsbesteding verwys na die koste daarvan om die plaaslike regering te bestuur. 
- 1.2.3 'n Tender is 'n aanbod om iets gratis in jou eie tyd te verskaf.
- 1.2.4 'n Beleid is 'n groot, algehele plan deur die regering waaronder kleiner planne gemaak word.

- 1.2.5 Die munisipale bestuurder is die indiensnemingsgesag van 'n plaaslike owerheid.
- 1.2.6 Die skakelbeampte is daarvoor verantwoordelik om seker te maak dat die verhoudings tussen die publiek en die munisipaliteit vriendskaplik bly. 
- 1.2.7 Rolspel is 'n metode wat jou help om jou eie tekortkominge te aanvaar en om jou meer bewus van ander mense se gedrag te maak.
- 1.2.8 Die Wet op Gelyke Indiensneming bevorder respek vir geslagsgelykheid.
- 1.2.9 Die onderhoud is deel van die keuringsfase in die aanstelling van 'n kandidaat in 'n pos.
- 1.2.10 As die raad die gemeenskap as 'n 'rubberstempel' behandel, beteken dit dat dit nie die gemeenskap se opinie ernstig opneem nie.

(10 × 1) (10)

- 1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur 'n woord of 'n term uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die woord of term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

	aansporing; kontrak; aanspreeklikheid; staatskoerant; persoonlikheidstoetse; waardasielys; vertroulik; riool; wanadministrasie; vertikaal
---	---

- 1.3.1 Die mate waartoe raadslede op hulle kiesers se behoeftes reageer en hulle optrede aan die kiesers verduidelik
- 1.3.2 Wanneer albei partye formeel instem om iets vir geld te doen
- 1.3.3 iets amptelik moes op 'n sekere manier gedoen gewees het, maar lei tot ondoeltreffendheid, vermorsing of oneerlikheid
- 1.3.4 iets wat ons aan mense gee om hulle te motiveer om beter te doen
- 1.3.5 Inligting wat slegs spesifieke mense mag sien of van mag hoor
- 1.3.6 Die verwydering van afvalmateriaal uit huise
- 1.3.7 Bevordering beteken dat ... beweging plaasgevind het
- 1.3.8 'n Amptelike regeringspublikasie waarin alle wetgewing en ooreenstemmende regulasies gepubliseer word 
- 1.3.9 Toon hoe 'n kandidaat 'n spesifieke werksituasie kan hanteer.
- 1.3.10 'n Dokument met 'n lys van al die eiendomme in die munisipaliteit.

(10 × 1) (10)

- 1.4 Kies 'n term uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.4.1	Die strukturerings van die organisasie en sy departemente, asook die koördinerings van werk 	A	wangedrag
1.4.2	Om seker te maak sekere standaarde en gehaltesvlakke word bereik	B	Wet op Gelyke Indiensneming
1.4.3	Opleiding om vaardighede te verbeter of nuwe vaardighede in te voer	C	Wet op Munisipale Finansiële Bestuur
1.4.4	Proses waarin nuwe mense gesoek word om in 'n plaaslike owerheid te werk	D	beheer
1.4.5	Beheer verskille in die bedrag geld wat aan werknemers wat dieselfde werk doen, betaal word	E	eiendomsbelasting
1.4.6	Onaanvaarbare of onvanpaste gedrag by die werk	F	werwing
1.4.7	Parlement het hierdie wet goedgekeur om plaaslike owerhede te bemagtig om hulle eie finansiële sake doeltreffend te beheer	G	infrastruktuur
1.4.8	'n Vorm van belasting wat munisipaliteite op die waarde van eiendomme kan hef 	H	verordeninge
1.4.9	Fasiliteite om dienste te verskaf, soos kantore, vervoer en kragopwekkers	I	organiseer 
1.4.10	Plaaslike wette en regulasies oor enige van die funksies waarvoor hulle verantwoordelik is	J	ontwikkelingsopleiding

(10 × 1)

(10)
[40]**TOTAAL AFDELING A:****40**

AFDELING B**VRAAG 2**

Lees die uittreksel hier onder en beantwoord die vrae.



NEWCASTLE-MUNISIPALITEIT
VAKATURES
CS38/2017

Die departement het die volgende vakature:

MUNISIPALE BESTUURDER: POS-ID: MM1 (vastetermyn-prestasiekontrak vir 'n tydperk van vyf jaar)

Vergoeding: R1 276 174,00 – R1 528 351,00 – R1 780 530,00 (Jaarlikse totale vergoedingspakket). Ingevolge Kennisgewing 381 van Provinsiale Koerant 40118 van 4 Julie 2016.

Die aanstelling sal onderworpe wees aan die ondertekening van 'n indiensnemingskontrak, 'n prestasie-ooreenkoms en openbaarmaking van finansiële belange. Aanstelling sal gedoen word volgens die regulasies oor aanstellings en voorwaardes van indiensneming van senior bestuurders. Die kandidaat sal vereis word om al sy/haar finansiële belange openbaar te maak, en hy/sy sal aan bevoegdheidsassessering onderworpe wees. 

Minimum Kwalifikasies: 'n Baccalaureusgraad in openbare administrasie/politieke wetenskap/sosiale wetenskap/regte of ekwivalent. Moet beskik oor 'n geldige ongeëndosseerde rybewys, 5 jaar relevante ondervinding op seniorbestuursvlak en bewyse van suksesvolle institusionele transformasie in die openbare of privaatsektor.

Voldoening aan al die vereistes soos uiteengesit in die munisipale regulasies oor minimum bevoegdheidsvlakke, Staatskoerant 29967 van 15 Junie 2007. 'n Persoon wat nie aan die minimum bevoegdheidsvlakke in die eenheidstandaarde voldoen nie, sal 'n geleentheid gegee word om binne 18 maande vanaf die aanstellingsdatum die minimum bevoegdheidsvlakke te bereik. 

Kennis: Gevorderde kennis en begrip van relevante beleid en wetgewing. Gevorderde begrip van institusionele regeringstelsels en prestasiebestuur. Gevorderde begrip van die raad se werksaamhede en delegering van bevoegdheid. Goeie staatsbestuur. Instelling en funksies van audit- en risikobestuur begrotings- en finansiële bestuur.

Sleutelverantwoordelikhede: Moet aan die funksies van die munisipale bestuurder voldoen, soos bepaal in artikel 55 van die Munisipale Stelselwet, 32 van 2000. Toegerus vir die verrigting van die taak om die munisipaliteit se geïntegreerde ontwikkelingsplan uit te voer, ingevolge Hoofstuk 5 van die Stelselwet. Om in ooreenstemming met die munisipaliteit se prestasiebestuurstelsel op te tree, ingevolge Hoofstuk 6 van die Stelselwet. Reageer op die behoeftes van die plaaslike gemeenskap om aan die munisipaliteit se aktiwiteite deel te neem.

Stuur volledige CV's asook die voltooide aansoekvorm ('Bylae C') waarna hier bo verwys is, aan Mnr. A Masondo by die Burgemeesterskantoor, Gemeenskapsentrum, Scott-straat, Private sak X6621, NEWCASTLE, 2940. Vir verdere inligting, kontak die burgemeester, Raadslid EM Nkosi, by 034 328 7737.

Let wel: Daar word van kandidate vereis om die voorgeskrewe aansoekvorm ('Bylae C') te voltooi, ingevolge Staatskoerant 37245 van 17 Januarie 2014. Die vorm is verkrygbaar by alle munisipaliteite sowel as op die internet by www.gpwonline.co.za (versuim om dit te doen sal daartoe lei dat die kandidaat gediskwalifiseer word). Gewaarmerkte afskrifte (nie ouer as 3 maande nie) van akademiese kwalifikasies en 'n volledige CV moet u aansoek vergesel.



Die munisipaliteit behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie. Newcastle-munisipaliteit is 'n werkgewer wat gelyke geleenthede en regstellende aksie toepas. Ons is daartoe verbind om diversiteit en billikheid in indiensneming te bereik en te handhaaf.

SLUITINGSDATUM: 22 SEPTEMBER 2017

[Bron: <http://newcastle.gov.za/services/vacancies/>]

- | | | |
|-----|---|-------------|
| 2.1 | Identifiseer die soorte inligting wat by die advertensie hier bo ingesluit is, en staaf jou antwoorde met praktiese voorbeelde. | (10) |
| 2.2 | Noem VIER eienskappe wat nodig is vir die munisipale bestuurder om sy/haar leierskaprol behoorlik uit te voer. | (4) |
| 2.3 | Beskryf kortliks VIER verantwoordelikhede van die munisipale bestuurder in terme van personeelaanwending. | (8) |
| 2.4 | Verduidelik kortliks DRIE funksies wat deur plaaslike owerhede uitgeoefen word om uit te vind wat die publiek se mening is. | (6) |
| 2.5 | Noem VIER aktiwiteite van raadsbeheer. | (4) |
| 2.6 | Wat is die VIER besware wat aangeteken kan word met betrekking tot eiendomsbelasting? | (8) |
| | | [40] |

VRAAG 3

- 3.1 Noem DRIE metodes wat Newcastle-munisipaliteit kan gebruik, sou dit kandidate intern werf.  (3)
- 3.2 Identifiseer ten minste VIER kwalifikasies wat nodig is om 'n munisipale bestuurder as permanente amptenaar by Newcastle-munisipaliteit aan te stel. (4)
- 3.3 Dui VYF bepalings aan wat deur provinsiale regulasies opgelê word met betrekking tot personeelsake. (10)
- 3.4 Noem VIER funksies van personeelbepalings. (4)
- 3.5 Bespreek kortliks VYF dinge wat van die munisipale bestuurder verwag word met betrekking tot die nakoming van sy/haar pligte soos in die gedragskode uiteengesit word. (10)
- 3.6 Die waardeerders speel 'n belangrike rol in die generering van inkomste vir die plaaslike owerhede. Beantwoord die volgende vrae rakende die pos van die waardeerder: 
- 3.6.1 Noem DRIE beperkinge wat in gedagte gehou moet word wanneer permanente amptenare as waardeerders aangestel word. (3)
- 3.6.2 Verduidelik DRIE magte van die waardeerders wat hulle in staat stel om 'n behoorlike evaluering te doen. (6)
- [40]**

VRAAG 4

- 4.1 Beskryf kortliks hoe die volgende parlementêre wette die personeeladministrasie van plaaslike owerhede sal beïnvloed:
- 4.1.1  Wet op Gelyke Indiensneming, nr. 55 van 1998 (3)
- 4.1.2  Wet op Basiese Diensvoorwaardes, nr. 75 van 1997, soos gewysig in 2002 (3)
- 4.2 Noem VIER soorte beheer wat deur die munisipale bestuurder uitgeoefen word. (4)
- 4.3 Beskryf kortliks VYF voordele van geïntegreerde ontwikkelingsbeplanning (GOB) in die plaaslike munisipaliteit. (10)
- 4.4 Wat is die VIER faktore wat sal verseker dat daar 'n goed gemotiveerde werksmag in plek is by Newcastle-munisipaliteit?  (8)
- 4.5 Verduidelik SES funksies wat deur die skakelbeampte in 'n plaaslike owerheid uitgeoefen word. (12)
- [40]**

VRAAG 5

- 5.1 Noem VIER vereistes waaraan 'n plaaslike regering moet voldoen wanneer daar vir goedere of dienste getender word, of wanneer 'n kontrak gesluit word.  (4)
- 5.2 Identifiseer TWEE eksterne finansiële beheermaatreëls in 'n munisipaliteit. (2)
- 5.3 Noem VIER tegnieke waarmee departementele beheer uitgeoefen kan word. (4)
- 5.4 Noem VIER doelwitte van interne finansiële beheermaatreëls in 'n munisipaliteit. (8)
- 5.5 Noem VIER soorte onderhoude wat tydens die onderhoudsfase gebruik kan word.  (4)
- 5.6 Beskryf VYF maniere waarop die raadslede die publiek se sienings kan bepaal wanneer beleide geformuleer word. (10)
- 5.7 Verduidelik VIER aspekte wat 'n plaaslike munisipaliteit moet oorweeg as dit uitdagings in die pers wil kommunikeer. (8)
- [40]**

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200